



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2017**

**DRAMATIESE KUNSTE  
NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

---

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 31 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Kandidate moet verwys na Dramatiese Kunste teorie en dit kontekstualiseer binne die raamwerk van die toneelstuk wat bestudeer is. Volpunte kan nie gegee word tensy die kandidaat toon dat hy/sy die teorie van die vak verstaan nie. Die antwoorde moet dissipline-spesifiek wees. Gebruik die 'Wat', 'Waarom' en Hoe met spesifieke verwysings uit die teks.
2. Die voorgestelde antwoorde is dikwels bo die vermoëns van kandidate op graad 11-vlak en moet derhalwe as 'n leerhulpmiddel vir die nasiener beskou word.

**AFDELING A: TEATER VAN REALISME****VRAAG 1: TEATER VAN REALISME**

Gebruik die volgende rubriek en die notas as riglyne vir die nasienproses. Kandidate moet die toneelstuk se teks wat hul by hul skool bestudeer het, gebruik as verwysing in gevalle waar konvensies en voorbeelde nodig is.

KATEGORIE	PUNTE	AANWYSERS
Uitstaande Metakognitiewe kennis Skeppend	27–30 90–100 A+	<ul style="list-style-type: none"> <li>Denkproses: Verwerk feitelike, konseptuele, proses en metakognitiewe kennis in die vraag. Kwoteer op 'n uiteenlopende, interpretatiewe, kreatiewe en oorspronklike wyse.</li> <li>Evalueer voorbeelde in die toneelteks, die teaterperiode en ander bronne binne 'n uitgebreide reeks van teatrale, praktiese en estetiese inhoud wat met insig uitgekies is.</li> <li>Ontwerp en skep 'n argument op 'n unieke en nuwe patroon wat dui op 'n reaksie van kreatiewe, kritiese en analitiese denke.</li> <li>Kognitiewe vlak: Demonstreer die vaardigheid om te kan skep, herorganiseer, sintetiseer, ontdek, hernu, verander, uit te brei en te verbeter.</li> </ul>
Baie goed Metakognitiewe kennis Evalueer	24–26 80–89 A	<ul style="list-style-type: none"> <li>Denkproses: Assesseer feitelike, konseptuele, prosedurële en metakognitiewe kennis in die vraag, bron en inhoud en integreer die vereistes van die vraag. Kwoteer op uiteenlopende, interpretatiewe, kreatiewe en interessante wyse.</li> <li>Assesseer voorbeelde in die toneelteks, die teaterperiode en ander bronne binne 'n beduidende reeks van gepaste gekose teatrale, praktiese en estetiese inhoud.</li> <li>Stel 'n argument saam op 'n interessante patroon wat dui op 'n reaksie van kritiese en analitiese denke.</li> <li>Kognitiewe vlak: Demonstreer die vaardigheid om te kan oordeel, kritiseer, aanbeveel, rapporteer, evalueer, voorspel, uit te dink en voor te stel.</li> </ul>

Goed Prosedurele kennis Analiseer	21–23 70–79 B	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Denkproses: Analiseer, sien en verken feitelike, konseptuele en prosedurele kennis in die vraag, bron en inhoud en integreer die vereistes van die vraag. Haal aan op 'n gedifferensieerde en interpretatiewe manier/wyse.</li> <li>• Analiseer/dissekteer voorbeelde in die toneelstuk, die teaterperiode en ander addisionele bronne binne 'n breë reeks van gepaste ver gekose teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.</li> <li>• Stel 'n argument saam wat dui op kritiese en analitiese denke.</li> <li>• Kognitiewe vlak: Demonstreer die vermoë om te kan analiseer, suggereer, konsepte te dekonstrueer, onderling te verbind, eienskappe te beskryf en te ontdek.</li> </ul>
Redelik Prosedurele kennis Toepassing	18–20 60–69 C	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Denkproses: Analiseer, en herken feitelike, konseptuele en prosedurele kennis in die vraag, bron en inhoud en integreer die vereistes van die vraag. Kwoteer deur te onderskei en te interpreteer</li> <li>• Integreer voorbeelde uit die toneelstukteks, die teaterperiode en ander addisionele bronne binne 'n breë reeks van gepaste gekose teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.</li> <li>• Stel 'n argument wat dui op analitiese denke.</li> <li>• Kognitiewe vlak: demonstreer die vermoë om te kan interpreteer, onderling te verbind, as voorbeeld te hou, klassifiseer, opsom, vergelyk en te kan verduidelik.</li> </ul>
Voldoende Konseptuele kennis Verstaan	15–17 50–59 D	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Denkproses: Verduidelik, interpreteer en herfraseer feitelike kennis in die vraag en bron en integreer die vereistes van die vraag. Kwoteer onderskeidend.</li> <li>• Interpreteer voorbeelde uit die toneelteks, die teaterperiode en ander addisionele bronne binne 'n algemene reeks van voorspelbare teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.</li> <li>• Stel 'n argument wat dui op analitiese denke.</li> <li>• Kognitiewe vlak: Demonstreer die vermoë om te kan interpreteer, af te lei, as voorbeelde te kan noem hou, op te som, vergelykings te tref en te kan verduidelik.</li> </ul>

Matig Konseptuele kennis Onthou	12–14 40–49 E	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Denkproses: Verduidelik en interpreteer feitelike en konseptuele kennis in die vraag, bron en inhoud en integreer die vereistes van die vraag en kwoteer onderskeidend.</li> <li>• Verduidelik voorbeelde uit die toneelteks, die teaterperiode en ander addisionele bronne binne 'n nou reeks van teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.</li> <li>• Skryf 'n verduideliking binne 'n reeks van voorspelbare/algemene denkprosesse.</li> <li>• Demonstreer die vermoë om te kan interpreteer, af te lei, as voorbeeld te hou, klassifiseer, opsom, vergelyk en te kan verduidelik.</li> </ul>
Elementêr Feitelike kennis Onthou	11–11 30–39 F	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Denkproses: Verduidelik en pas onlogiese en nie relevante kennis uit die geheue en integreer die vereistes van die vraag. Kwoteer op ongekompliseerde/logiese en fundamentele manier</li> <li>• Selekteer voorbeelde uit die toneelteks, die teaterperiode en ander addisionele bronne binne 'n nou omvang van teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.</li> <li>• Skryf 'n verduideliking binne 'n reeks van voorspelbare denkprosesse.</li> <li>• Demonstreer elementêre vermoëns om probleemoplossing toe te pas, te identifiseer, te lys, en te definieer.</li> </ul>
Nie behaal nie Feitelike kennis Onthou	1–10 20–29 G	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Denkproses: Verduidelik en pas onlogiese en nie relevante kennis. Demonstreer 'n beperkte en basiese vermoë om die vereistes van die vraag te vervul.</li> <li>• Selekteer voorbeelde uit die toneelteks, die teaterperiode en ander bronne.</li> <li>• Skryf 'n verduideliking binne 'n basiese reeks van denkprosesse buite die konteks..</li> <li>• Kognitiewe Vlak: Demonstreer 'n beperkte vermoë om te identifiseer, lys, identifiseer, definieer, interpreteer en te onderskei.</li> </ul>
Nie behaal nie Feitelike Kennis Onthou	0 H	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Demonstreer geen begrip van die vraag of bron, kan nie 'n opstel skryf nie, gee geen voorbeelde van die teks of die teaterperiode nie OF</li> <li>• Gee 'n paar feite wat nie betrekking op die vraag het nie OF</li> <li>• Onvermoë om te identifiseer, te lys, te identifiseer, of te definieer OF</li> <li>• Gee slegs gememoriseerde informasie wat nie die vraag beantwoord nie.</li> </ul>

Die volgende is notas in verband met Teater van Realisme. Kandidate moet ten minste na die grondbeginsels verwys in hul antwoord op die vraag.

## AGTERGROND

Realisme in die laaste helfte van die 19de eeu het begin as 'n eksperiment om teater meer nuttig vir die samelewing te maak. Die hoofstroomteater vanaf 1895 tot 1900 was steeds op melodramas, skouspele (rampe ens.) komiese operas, en vaudeville gefokus.

Politiese gebeure – insluitend pogings om sekere politieke stelsels te hervorm – het egter gelei na ander maniere van dink. Rewolusies in Europa in 1848 het gewys dat daar 'n begeerte was vir politieke, sosiale en ekonomiese hervorming. Die meeste regerings het uit vrees verandering belowe, maar het merendeels geen veranderinge geïmplementeer nadat die geweld opgehou het nie.

Tegnologiese vooruitgang is ook aangemoedig deur die handels- en nywerheidswese, wat gelei het tot 'n verdieping in die geloof dat wetenskap menslike probleme kan oplos. Die werkersklas moes steeds baklei vir hul regte: werkersunies en stakings het die hoofwapens geword wat werkers sou gebruik na die 1860s – sukses het eers na dure werkstakings en geweld gekom. Met ander woorde, dit het gelyk of daar 'n verwerping van die Romantiese idealisme was; pragmatisme het geseëvier. Die gewone man op straat het blykbaar gevoel dat hy/sy erken moet word, en mense het hulself laat geld deur daadwerklike optrede.

## OORSPRONG VAN DIE BEWEGING

Realisme het gedeeltelik ontstaan as 'n reaksie tot hierdie nuwe sosiale/artistieke omstandighede. Die 'beweging' het in Frankryk begin en teen 1860 was daar sekere algemene idees:

- ✓ Waarheid berus op materiële voorwerpe wat ons met die VYF sinne kan waarneem; waarheid word deur wetenskap onderskryf.
- ✓ Die wetenskaplike metode – waarneming – kan alles oplos (empiriese wetenskap).
- ✓ Menslike probleme is die hoogste prioriteit en is die behoud van die wetenskap
- ✓ Kuns – volgens die realisme se siening – se doel is om die mensdom te verbeter.
- ✓ Drama moes betrokke wees by die direkte waarneming van menslike gedrag; daarom is daar druk uitgeoefen om kontemporêre milieu's en tydperke te gebruik, en sou die alledaagse lewe en probleme as temas handel.
- ✓ Soos alreeds vermeld, het Realisme eers in die toneelplasing (setting) en kostuums voorgekom. Drie-dimensionele detail is teen 1800 bygevoeg.
- ✓ Teen 1850 het teaterproduksies historiese akkurate ruimtes, kostuums en inkleding bevat, gedeeltelik as 'n reaksie op romantiese idealisme. Dit was egter moeiliker om realisme vir almal aanvaarbaar te maak.
- ✓ Die toneelstukke het die struktuur van 'n goedgemaakke toneelstuk ('well-made play') gevolg.

**DIE GOEDMAAKTE TONEELSTUK ('WELL-MADE PLAY')**

- ✓ Die toneelstuk volg 'n streng logika van oorsaak en gevolg ('cause and effect').
- ✓ Die intrige ('plot') is gebaseer op geheime wat aan die gehoor bekend is, maar waarvan die hoofkarakters onbewus is sodat dit aan die karakters in 'n klimaks-toneel geopenbaar kan word.
- ✓ Die intrige ('plot') beskryf gewoonlik die einde van 'n lang storie. Meeste van die gebeure het plaasgevind voor die toneelstuk begin. Hierdie laat invalshoek waarmee die storie begin, vereis dat die gehoor ingelig behoort te word oor die voorafgaande gebeure in die eksposisie/uiteensetting in die vorm van 'n dialoog of monoloog. Scribe het dikwels van alleensprake ('soliloquy'), monoloë en sysprake ('asides') gebruik gemaak.
- ✓ Aksie en spanning word meer intens soos wat die drama voortgaan. Hierdie intensiteite verhoging is beplan deur 'n patroon wat op verrassende wyses van ingange, uitgange, briewe, bekendmaking van identiteite, en soortgelyke wysesgebruik maak.
- ✓ Die protagonis (held), wat in konflik met 'n teenstander gewikkel is, ervaar alternatiewelik voorspoed en teenspoed. Dit skep die emosionele ritme van die drama.
- ✓ Die laagtepunt van die protagonis (held) se lot gebeur net voor die hoogtepunt. Laasgenoemde gebeur in 'n 'scène à faire' of noodsaaklike toneel ('obligatory scene') wat tipies oor die bekendmaking van geheime handel.
- ✓ Die plot, of deel daarvan, is telkens met misverstande deurtrek, 'n quid pro quo, waar 'n woord of situasie op die teenoorgestelde manier deur twee of meer karakters verstaan word.
- ✓ Die dénouement – letterlik die ontknoping (afloop), is logies en daarom duidelik. Dit is nie veronderstel om enige oorblywende of onopgeloste materiaal te bevat wat die gehoor verwar nie.
- ✓ Die oorhoofse handelingspatroon (struktuur) van die drama word op kleiner skaal in elke bedryf weergegee. Dit is inderwaarheid die voorwaarde waarvop elke kleiner klimaks en toneel gestruktureer word.

**TEMATIESE EIENSKAPPE VAN DIE "WELL-MADE"-TONEELTEKS**

- ✓ Die 'well-made play', is altyd aktueel of blyk aktueel te wees.
- ✓ In die 'well-made play' – daar word doelbewus weggeskram van enige metafisiese sake en alle suggestie van volkome – in teenstelling met slegs toevallige – boosheid in die samelewing. (’n Antagonis kan egter ’n volkome, onveranderlike bose karakter wees.) Die rede vir hierdie weglatings is voor die handliggend: metafisika (in die sfeer van epistemologie) en boosheid (in die sfeer van sosiale moraliteit) is abstrakte oorwegings, wat ten minste nie in die twee-uur lange toneelstuk oorweeg kan word nie. Nie een van die twee kan vereenvoudig word tot logika nie, en as hulle ondersoek word, lei dit tot fundamentele vrae oor die aard van realiteit. Sulke vrae sou natuurlik die hele struktuur van die "well-made-play", drama omvergooi. Daarom, ten minste wat betref die inhoud, is die "well-made-play"-drama anti-romanties.

- ✓ Vermyding van metafisiese en ingewortelde / volkome sosiale boosheid beteken egter nie dat die realisme drama godsdienstige of konvensionele moraliteit moet afsweer nie – eerder die teendeel. Solank godsdienstige of moralistiese opinies en sentimente nie die grondbeginsels van die gegewe orde van die lewe bevraagteken nie, kan hierdie temas handig gebruik word, het sy opreg of onopreg, om die situasie te verdoesel en dit onder die skyn van diepsinnigheid te bring. Die drama self behoort 'n katalogus van middelklas - waardes wat om die familie draai te wees.
- ✓ Die realisme-tekst (*well-made-play*) sluit omtrent altyd misverstaande tussen die geslagte ('sexes') in. Die rede is voor die handliggend: In die 19de eeu het dit gewoonlik beteken 'n onverenigbaarheid as gevolg van sosiale klas tussen getroude en verloofde persone, geld, verskillende morele standaarde, die teenwoordigheid van 'n derde party, of 'n gevalle vrou ('*fallen woman*') ens. In latere tye het dit 'n meer Freudiaanse kleur gekry. Dit was natuurlik noodsaaklik volgens die mode van die tyd dat hierdie misverstand tussen mans en vroue 'n logiese oplossing moes hê.

## KONVENSIES VAN DIE TEATER VAN REALISME

- ✓ Die karakters is geloofwaardige alledaagse tipes.
- ✓ Kostuums is outentiek.
- ✓ Die realisme-beweging in teater en die gevolglike produksiestyl het 'n groot invloed gehad op 20ste-eeuse teater en film en die effek daarvan word vandag nog gesien.
- ✓ Stanislavski se sisteem beïnvloed om van realistiese toneelspel teen die draai van die 20<sup>ste</sup> eeu, het Amerika sy eie vorm van teaterstyl (Amerikaanse realisme) en toneelspel (Method acting) na te volg in die 1930s, 40's en 50's (The Group Theatre, The Actors Studio).
- ✓ Die verhoogruimte en rekwisiete weerspieël telkens geloofwaardige binnenshuise tonele.
- ✓ Die boksstel (*box set*) word gewoonlik gebruik vir realistiese dramas op die verhoog wat bestaan uit drie mure en die 'vierde muur' wat onsigbaar tussen die verhoog en die gehoor staan.
- ✓ Die verhoogruimte of stel is baie keer vaal (gewoonlik opsetlik), dialoog is nie verhef vir effek nie, maar is dié van 'n alledaagse spraak (*vernacular*).
- ✓ Die drama is tipies psigologies aangedrewe, met die plot minde en die primêre fokus word geplaas op die karakters se interne lewens, hul motiewe, die reaksies op ander ens.
- ✓ Realistiese dramas handel telkens oor die protagonis (hoofkarakter) wat ontstaan te spyte van teenstand en hom-/haarself laat geld teen een of ander vorm van onreg.
- ✓ Realistiese dramas het vinnig gewild geraak omdat die alledaagse mens in die gehoor met die situasies en karakters op die verhoog kon identifiseer.
- ✓ Noorweegse dramaturg Henrik Ibsen (*A Doll's House*, *Hedda Gabler*) word as die vader van moderne realisme in die teater gesien.
- ✓ Karakters in realistiese dramas is normaalweg middelklas.



- ✓ Realistiese intrige (plot) is nie so onguur (of morbied) nie en die gehoor is meer betrokke.
- ✓ In 'n sekere sin is realistiese toneelspel meer geforseerd as naturalistiese spel gedurende beide tydens repetisies sowel as optredes.

Die voorafgaande notas moet gesien word as ondersteunend ook in die lig van hulpbronne vir klaskamer-situasies. Feite moet uit die bogenoemde gebruik en toegepas word in die opstel-antwoorde. Nasieners moet die kandidate se antwoorde assessee en dit moet na die toneelstuk verwys wat hul gedoen het vir teater van realisme by hul skool.

**[30]****TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER****VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE TEATER**

- 2.1 Hibride (Hybrid)-teater is een manier om opvoerings te beskryf wat elemente van twee of meer genres vermeng. Dit kan insluit dans, drama, poësie, bewegingsgebare, hip-hop, video, opvoeringskuns (performance art), storievertelling, eenman-komedie (stand-up comedy), poppeteater, visuele kuns, nuwe media ens.

Kandidate moet vervolgens 'n voorbeeld gee uit die Suid-Afrikaanse Teater. Dit kan die wyse wees waarop 'n Suid-Afrikaanse produksie, byvoorbeeld, 'n internasionale styl gebruik soos Realisme, Epiese Teater, Ekspressionisme ens. soos *Master Harold and the Boys*, *Boesman en Lena*, *People are Living There*, aangesien al hierdie dramas internasionale neigings aanwend soos Realisme, Absurdisme ens.

Gee punte as kandidate die term Hibride verstaan en as hulle voorbeelde daarvan kan gee.

(4)

- 2.2 **Gibson Kente** word gesien as die vader van Township-teater. Hy het musiekteater aan die arm townships van Suid-Afrika bekend gestel. Hy het gehelp om die loopbane van baie ander Suid-Afrikaanse vermaaklikheidskunstenaars soos Brenda Fassie en Mbongeni Ngema van stapel te laat loop. Hy het die plaaslike gemeenskappe vasgevang deur hulle nie net te vermaak met humor, musiek en dans nie, maar ook deur sosiale kwessies soos misdaad, armoede en later Apartheid te ondersoek. Hy het akteurs opgelei vir optrede op 'n sekere oordrewe, noukeurig uitgewerkte, gedetailleerde, hoogs geartikuleerde styl van toneelspel om die akoestiese toestand van die township-sale en die massa teater-etiket van gehore te akkommodeer.

Gee TWEE punte vir die naam en TWEE punte per bydrae tot teater wat deeglik bespreek is deur die kandidaat.

(6)

- 2.3 Kandidaat kan enige TWEE van die Suid-Afrikaanse praktisyns bespreek.

Byvoorbeeld:

John Kani, Mbongeni Ngema, Ronnie Govender, Winston Ntshona, Barney Simon, Malcolm Purkey, Athol Fugard, H.I.E. Dlomo, Bheki Mkhwane, Rev Mzwandile Magina, Bob Leshoai, Connie Mabaso, Alton Khumale, Bloke Modisanyane, Zakes Mokae, Percy Mtwla, Maishe Maponya, Matsemela Manaka, Mannie Manim ens.

Kandidaat ontvang punte soos volg: EEN punt vir die naam van die praktisyn en TWEE vir 'n bespreking van sy/haar werk.

(6)

- 2.4 Die reaksie op hierdie vraag sal gebaseer wees op klaswerk en die styl van die teks wat bestudeer is. Nasieners moet die volgende in ag neem: kandidate se begrip van die verskillende implikasies van speelruimtes en hoe dit die opvoering beïnvloed, die dinamika sover dit die gehoor aangaan, asook of die spesifieke teks onder sulke omstandighede tot sy reg sal kom.

Gee TWEE punte as die kandidaat die kondisies van 'n township-ruimte verstaan, en VIER punte vir 'n geheelbegrip van die teks en of dit toepaslik is, met redes, om in 'n township-ruimte opgevoer te word.

(9)

- 2.5 Kandidate bespreek die sosiopolitieke kwessies van die tyd van die produksie soos in die klas bespreek.

Gebruik die volgende rubriek om die kandidate se antwoorde te evalueer:  
**BYLAAG 3.**

(8)

- 2.6 Hier volg die funksies van Gemeenskapsteater soos dit bespreek word in die KABV-uitgawe van die graad 11-handboek.

- ✓ Bou verhoudings met lede van 'n gemeenskap en motiveer hul dus om deel te neem.
- ✓ Werk saam met die gemeenskap ten einde hulle te help om hul situasie te bestudeer en om kwessies vir in-diepte ondersoek te identifiseer.
- ✓ Gebruik inheemse vorms van kulturele uitdrukking in die spesifieke area vir teater vir ontwikkeling.
- ✓ Organiseer opvoerings as 'n manier om gemeenskappe bymekaar te bring en te laat saamstem oor oplossings en aksies.
- ✓ Ondersoek deur drama, dans, mimiek en liedere, maniere om begrip van die kwessies en oplossings te verdiep.

EEN punt per funksie bespreek.

(5)

- 2.7 Kandidate se eie opinie. Gee punte indien daar genoegsame kennis van die waarde van drama in ons gemeenskappe en die noodsaaklikheid, indien nodig, vir die ondersteuning van drama as 'n medium van kommunikasie in 'n gemeenskap.

(5)

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C: STILISTIESE TEATER****VRAAG 3: KONTEMPORÊRE TRANS-AFRIKA TEATER**

3.1 Die volgende is DRIE tipes van klas van die Engungun:

- ✓ Alabala – die tekstuur van die kostuum van hierdie kunstenaar, die ‘een wat die drom speel’ is sodanig dat hy dit kan manipuleer terwyl hy dans sodat dit kan swel, krimp en aanhoudend van vorm verander. Hierdie voortdurende vibrasie-bewegings hipnotiseer die kyker, en dra by tot die gevoel asof die danser ‘n wese van ‘buite’ is – ‘n wese uit die niet’ (being from beyond).
- ✓ Onidan – die ‘eienaar van wonderwerke’ is ‘n poetsbakker (trickster) masker, meer ekspressief en oordadig as alabala, met ryk donker fluweel en wit voering daarop. Onidan voer ongelooflike toorkunsies uit – transformeer dramatiese deur die boonste kledingstuk om te keer om toorkuns te skep
- ✓ Idan – naturalistiese en satiriese maskers. Hierdie maskers is meer naturalisties, vir uitvoering van sketse wat na die menslike wêreld verwys. Menslike karikatuur-agtige maskers is satiries, en spot met sekere elemente van die Yoruba-gemeenskap. Hulle is opsetlik lelik, ten einde die sosiale kommentaar duidelik te laat oorkom maak. Die prostituut het groot tande wat die andersins perfekte gevormde gesig skend. Daar is ‘n Palmwyn Dronkaard (Palmwine Drunkard) en die Dahomean-karakter – ‘n ou vyand van Yoruba – ‘n aaklige kryger met blou swere.

Kandidaat moet EEN punt kry vir die noem van die Engungun en TWEE punte vir twee feite oor die Engungun. Oorweeg die hoeveelheid en substansie van die reaksie en gee DRIE punte in geval ‘n kandidaat slegs details van die Engungun gee en nie die naam noem nie. (3 x 3) (9)

3.2 Die volgende is die holistiese elemente van drama. Die kandidaat kan slegs DRIE gebruik in sy/haar antwoord:

- ✓ Eenbedryf: Neem plaas op ‘n enkele ruimte en word ontplooi deur een deurlopende handeling. Die karakters in ‘n eenbedryf word spaarsamig aangewend en die aksie is gekonsentreerd
- ✓ Bedryf: Hoofverdeling van die aksie van ‘n toneelstuk, omvat veranderings in tyd, ruimte/plasing, karakters, atmosfeer. Bedrywe word verder verdeel in tonele
- ✓ Toneel: Verander wanneer die plek van die aksie verskuif of wanneer ‘n nuwe karakter inkom.
- ✓ Dialek: ‘n Tipe informasie-diksie. Dialekte word gepraat deur herkenbare groepe mense van ‘n spesifieke geografiese gebied, ekonomiese groep of sosiale klas. Skrywers gebruik dialek om verskille in opvoeding, sosiale en streeksagtergronde van die karakters uit te druk.

- ✓ Dialog: Die mondelingse kommunikasie tussen karakters.
- ✓ Drama: Afgelei van die Griekse word *dram*, wat beteken “om te doen” of “om op te tree”.
- ✓ Toneelstuk: Algemene term vir ’n dramatiese letterkundige teks.
- ✓ Dramaturg: Die skrywer wat toneeltekste skryf.
- ✓ Eksposisie: ’n Vertellingsplan of -gebruik, wat gewoonlik aan die begin van ’n stuk gebruik word om die nodige agtergrondskennis oor die karakters en hul situasie weer te gee.
- ✓ Verhoogaanwysings: Die dramaturg se instruksies oor hoe die karakters moet beweeg en optree.
- ✓ Plot/intrige: Die volgorde waarin die dramaturg die gebeure in die toneelstuk laat afspeel.
- ✓ Tema: Die sentrale idee of betekenis van die toneelstuk.
- ✓ In Media Res: ’n Term wat gebruik word om die algemene strategie te beskryf wat ’n storie midde in die handeling laat begin, gewoonlik reg voor ’n belangrike oomblik.
- ✓ Dénouement/ontknoping: ’n Franse term wat beteken die “ontrafeling” of “ontknoping”, en gebruik word om die oplossing van die intrige/plot na die klimakse te beskryf.
- ✓ Ironie: Die verskil tussen dit wat oëskynlik die waarheid is en wat werklik die waarheid is.
- ✓ Kosmiese ironie: Word ook genoem die ironie van noodlot, (gebeur wanneer God, die noodlot of een of ander groter onbeheerbare krag opsetlik karakters mislei sodat hul dink hul kan hul noodlot vryspring).
- ✓ Verbale ironie: Die verskil tussen wat gesê word en wat waar is. (sarkasme)
- ✓ Dramatiese ironie: Die verskil tussen wat die karakters glo is die waarheid en wat die leser of gehoor weet die waarheid is.
- ✓ Situasie-ironie: Die verskil tussen wat iemand verwag sal gebeur en wat eintlik gebeur, as gevolg van kragte buite menslike begrip en beheer.

Ken punte toe vir ENIGE ander elemente van drama soos in ander werke bespreek. EEN punt per drama-element wat genoem word en EEN punt vir ’n verduideliking. (2 x 3) (6)

- 3.3 Nasieners moet die sosio-politieke kwessies wat in die bestudeerde stuk voorkom, in ag neem. Kandidate moet kan bewys dat hul die terme, soos “sosio-politieke konteks”, verstaan en dat hulle dit kan bespreek volgens die teks wat bestudeer is.

Gebruik die volgende rubriek om te help met **BYLAAG 1**. (10)

3.4 Ken TWEE punte toe per ooreenkoms wat bespreek word. Die volgende is 'n paar van die ooreenkomste tussen Gestroopte Teater en Afrika Teater.

- ✓ Ter aanvang van sy teater, het Jerzy Grotowski sekere Afrika-lande besoek om inspirasie te kry en om Afrika rituele te gebruik as kenmerke van sy Gestroopte Teater.
- ✓ Altwee is ritualisties en simbolies tydens optrede.
- ✓ Die gehoor word aangespoor om deel te neem in teenstelling tot tradisionele teater.
- ✓ Ten grondslag hiervan word musiek of sang deur menslike instrumente soos stem en lyf vir perkussie gebruik.
- ✓ Daar is 'n minimalistiese gebruik van rekwisiete.
- ✓ Rekwisiete word simbolies gebruik.
- ✓ Die akteur se lyf staan sentraal tot die uitvoering.
- ✓ Die speelruimte is nie 'n formele plek nie.
- ✓ Teater kan op enige plek ontstaan waar daar 'n gehoor en 'n plek vir optrede is.

Ken TWEE punte toe per ooreenkoms wat deeglik bespreek is. (2 x 5) (10)

3.5 Nasieners moet die volgende oorweeg uit die kandidate se reaksies:

Omdat Afrika Teater optredes meestal identies is aan Gestroopte Teater, kan die kandidaat dieselfde vereistes gebruik om hierdie vraag te beantwoord.

- ✓ Die vermoë om die stem vir beeldskepping te gebruik
- ✓ Gebruik van die lyf om karakters te skep en om die omgewing (setting) uit te beeld
- ✓ Om op 'n spirituele vlak by die optrede betrokke te wees
- ✓ Optredes is gewoonlik buite en die akteur moet gereed wees vir die eise wat dit verbaal en t.o.v. gebare aan hom/haar stel

Puntetoekenning moet holisties wees en beskou die gegewe hierbo as leidrade. Kandidate kan volpunte kry indien hul TWEE feite logies bespreek en hou by die feite wat met hierdie styl van optrede geassosieer word. Gee ook 'n punt per nota indien in punt-vorm. (5)

**OF**

**VRAAG 4: ELIZABETHAANSE TEATER**

- 4.1 Die term “Elizabethaanse Teater” opsigself lei ons aandag na Koningin Elizabeth wat die troon in 1558 bestyg het.

**OF**

Die koningin was lief vir die kunste en het daarom drama en ander vorme van letterkunde bevorder. Die oorsprong van teaters in Engeland word gekoppel aan die Middeleeuse Mirakel- en Moraliteitspele. Voor die bestaan van teaters, is toneelstukke in die binnehowe van herbergiers of soms in die privaatwoning van edelmanne, groot here en gemeenskapsoffisiere opgevoer. Ander plekke het hulle, sale by universiteite van Oxford en Cambridge, en die herberge van die Hof ingesluit. Die bou van teaters in Londen het begin kort voor Shakespeare sy eerste toneelstukke geskryf het in die 1590's. Daar was twee soorte, buite- of publieke toneelhuse wat 'n groot aantal gehore kon huisves, en binnenshuise of privaat-teaters vir 'n baie kleiner gehoor. Teaters het egter in later jare 'n ongure reputasie gehad.

Enige TWEE geldige interpretasies wat in die klas bespreek is. (4)

- 4.2 Die volgende is definisies van 'n monoloog en 'n alleenspraak (soliloquy):

Alleenspraak (Soliloquy): is 'n solo-sprekbeurt deur 'n karakter wat sy/haar innerlike gedagtes weergee. Dit word gewoonlik aan die gehoor gelewer om hulle die karakter se innerlike emosies en gedagtes te laat verstaan asof dit glad nie hardop gesê word nie. Gewoonlik is daar geen ander karakters op die verhoog tydens 'n alleenspraak nie en as hulle op die verhoog is tydens die alleenspraak, lyk dit of die akteur met die sprekerbeurt die ander karakter(s) ignoreer; die ander karakters is besig met ander aksies.

Monoloog: 'n monoloog is 'n sprekerbeurt wat deur een karakter hardop gelewer word om hul gedagtes uit te druk. Gewoonlik lewer hul die monoloog aan 'n ander karakter of aan die gehoor met die verstandhouding dat ander karakters hulle kan hoor.

Kandidate moet VIER punte toegeken word vir TWEE verskille en TWEE punte vir die voorbeeld. (6)

- 4.3 Die volgende vaardighede is aan 'n Elizabethaanse akteur gestel:

- ✓ Akteurs moes opgelei wees en kon lees, aangesien hulle hul woorde van handgeskrewe papiere af moes lees.
- ✓ Hul moes kon sing, 'n musiekinstrument bespeel, swaardgevegte beoefen, en energieke poësie voordra.
- ✓ Hulle moes fiks en soepel wees.
- ✓ Seuns moes vroue rolle kon vertolk.

Enige TWEE van bogenoemde. (2 x 2) (4)

- 4.4 4.4.1 Kandidaat moet sekere gebeure uit die toneelstuk wat hul bestudeer het, kan identifiseer. Hou ook die volgende informasie in gedagte:

- ✓ Met God aan die bo-punt van die hiërargiese ketting (*chain of being*): was die verskillende klasse in volgorde van mees belangrik tot glad nie belangrik nie.
- ✓ Die plattelandse werksmag bestaande uit mans (Hierdie was boere wat op hul eie plase gewerk het). Die gemiddelde plaas sou omtrent 12 hektaar gewees het en sou 'n inkomste van ongeveer 34 pond per jaar lewer.
- ✓ Werkers en kothuisie-bewoners (*cottagers*) was mense wat vir ander moes werk vir lone.
- ✓ Werkers sonder grond het meestal effe bo oorlewingstatus geleef en in 'n swak ekonomie kon hulle hul maklik wend tot desperate pogings om geld te kry.
- ✓ 'n Persoon is gebore in sy sosiale status en kon baie min tussen die vlakke van die sosiale hiërargie beweeg.

Gebruik die volgende rubriek en die notas hierbo om die kandidaat se antwoord te assessee: **BYLAAG 2**

(12)

- 4.4.2 Die kandidaat kies een toepaslike karakter uit 'n teks wat hulle bestudeer het, en redes gee vir sy kostuum keuse. Die kandidaat moet 'n begrip toon van die gebruik van kostuums in die teater en die era.

(6)

- 4.5 Kandidate reageer op die vraag volgens hulle opinie. Hierdie opinie moet die waarde van drama in ons samelewing en die akademiese wêreld in die geheel aantoon. Hul opinie moet ook toon of die rol van drama en letterkunde as die bron van sosiale transformasie en die volhouding van die verskillende vorme van erfenis waardeer word.

(8)  
[40]

OF



**VRAAG 5: TEATER VAN DIE VERRE-OOSTE**

- 5.1 Die Oosterse of selfs meeste van die tradisionele lê ten grondslag aan opvoerings. Soos die oorsprong van die moderne drama, word daar geglo dat rituele die beginpunt was van optredes en 'n aanduiding van styl.

Ken punte toe volgens die inligting wat in die klas geleer is en op grond van die kandidaat se begrip van drama-konsepte en die geskiedenis van die Verre-Ooste Teaterstyl waarop hulle gefokus het in hierdie hoofstuk.

(5)

- 5.2 Akteurs in Sjinese Teater word soos volg in VIER verdeel:

- ✓ Sheng (manlike rolle): Hulle strek van oud en swak tot kragtig. Dit kan politici, akademici, verliefdes, krygers en ander heroïese tipes insluit. Daar is rolle wat akrobatiese toertjies en gevegte insluit, en ander wat beperk is tot sang en dans.
- ✓ Tan (vroulike rolle): Hierdie word verder verdeel in ses tipes: Deugsame vrou of meisie, kokette, krygsvrouens, jong ongetroude meisies en bese vrouens. Hierdie rolle is oorspronklik almal deur vrouens gespeel.
- ✓ Ching ('painted face' –rolle). Hierdie rolle word onderskei deur oordrewe gesigsgrimering. Hul kan insluit gode en ander bonatuurlike wesens, hofdiensmaats, krygers en bandiete. Hul basiese karaktertrek is dat hulle rondsteier en bomeienslike krag het. Die rolle word onderskei deur boos of goed, of kan gevegte of gimnastiese toertjies insluit.
- ✓ Ch'ou (nar-rolle): Hierdie is die mees realistiese karakters. Hulle praat in alledaagse taal en word toegelaat om grappies te maak en te improviseer. Hulle kan diensknegte, besigheidsmanne, tronkbewaarders, huweliksmakelaars (matchmakers) feesagtige skoonma's of soldate wees. Hulle moet goed wees in mimiekkuns en akrobatiese toertjies.

Gee TWEE punte vir elke tipe waar 'n verduideliking gegee is. EEN punt as die kandidaat slegs die tipe sonder 'n verduideliking gegee het.

(8)

- 5.3 As gevolg van die volgende redes, wat feite oor die verhoogplasing in Verre-Oosterse Teater insluit. Kan 'n Verre Oosterse toneelstuk nie op 'n proscenium-verhoog opgevoer word nie. In hul antwoord moet kandidaat die volgende inligting demonstreer oor redes waarom die Verre-Oosterse teaterproduksies nie op 'n proscenium-verhoog opgevoer kan word nie:

In 'n Noh-teater: Daar is twee hoof-areas van die verhoog: die brug (hashigakari), en die hoof speelarea (*butai*). Die dak van die hoof-speelarea word ondersteun deur vier pilare, elk met sy eie naam en met 'n spesifieke karakter geassosieer.

In 'n Japanese Kabuki Teater: elke omgewing word voorgestel deur dekor, wat ten aanskoue van die gehoor verander word deur gebruik te maak van 'n draaiverhoog en hystoestelle of verander word deur verhoog-assistente. Die mees kenmerkende eienskap is die *hanamichi*, (flower-walk) 'n verhewe gang wat vanaf 'n klein kamer agter in die ouditorium tot by die verhoog loop.

China: verhoë was vierkantige platvorms, sigbaar vir die gehoor uit drie, partymaal vier kante. 'n Geborduurde gordyn bekend as 'n *shoujiu*, is bokant die platvorm gehang en dit was in twee dele verdeel: die agterverhoog en die verhoog. Voor die gordyn is verskeie musiekinstrumente geplaas.

Merk holisties en evalueer die feite as redes.

(6)

- 5.4 Kandidaat moet kennis van styl demonstreer volgens die studieteks. In hul antwoord moet hul stellings ondersteun word met feite wat relevant is tot die teaterstyl wat hul reken pas by die teks wat studeer is.

Gebruik die volgende rubriek om die kandidaat te assesser:

**BYLAAG 2.**

(12)

- 5.5 Kandidaat moet hul kennis van die gebruik van grimering demonstreer soos dit in die drie Oosterse Teater-style in die klas-sessies bestudeer is. Hul antwoorde moet ook toon dat hul die plek en loopbaan van 'n grimeerkunstenaar verstaan ten einde gepaste instruksies te kan gee.

Gebruik kennis uit die klaswerk om kandidaat te assesser.

(5)

- 5.6 Hierdie vraag is gebaseer op teater as 'n geheel veral om die waarde en plek van kunste in ons samelewing te meet en die bestudering van klassieke werke as 'n noodsaaklikheid.

Gebruik eie oordeel.

(4)

**OF**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE AMERIKAANSE TEATER**

6.1 Die volgende is ooreenkomste tussen Amerikaanse en Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis:

- ✓ Al twee lande is deur inheemse mense bewoon vir 'n lang tyd voor dit 'ontdek' is deur Europese ontdekkers.
- ✓ Die vroeëre aanspraak van mense wat alreeds vir eeue daar gewoon het misken.
- ✓ Christopher Columbus (1492) en Bartolomeus Dias (1448) het onderskeidelik Amerika en Suid-Afrika 'ontdek'.
- ✓ Europese setlaars het in al twee lande aangekom en het hul aan die kus gevestig.
- ✓ Hulle wou godsdienstige vervolging ontvlug.
- ✓ Die setlaars was godsdienstig baie konserwatief.
- ✓ Burgeroorlog en die oorlog teen apartheid.
- ✓ Al twee lande het teatertradisies uit Brittanje gebruik.
- ✓ Daar was 'n tyd waar daar 'n groot instroming van immigrante in albei lande was.
- ✓ Die ontdekking van goud in Kalifornië en Johannesburg.

Kandidate moet TWEE punte kry vir VYF feite wat goed bespreek is en EEN punt per feit wat kortliks genoem word.

(10)

6.2 Oorweeg die volgende riglyne en gee TWEE punte per feit oor Broadway:

Die Broadway-teater is een van 'n paar erkende teaters wat oorspronklik gebou is as 'n filmteater. Die teater se kapasiteit van 400 – 2000 het dit ideaal gemaak vir oorskakeling na 'n musiekteater in 1930. Die teater het weer kortliks flieks vertoon in die 1950's maar dit was 'n erkende teater sedertdien. Dit was die kern van kommersiële teater in New York.

(6)

6.3 6.3.1 Die volgende word algemeen aanvaar as 'n definisie van die Amerikaanse droom:

Die aanname dat enigiemand, ongeag waar hulle gebore is of in watter klas hulle gebore is, hulle eie idee van sukses kan behaal in 'n samelewing waar vooruitstrewendheid moontlik is vir almal. Die Amerikaanse droom word bereik deur opoffering, kanse waag en harde werk, nie deur geluk nie. Beide inheems-gebore Amerikaners en immigrant-Amerikaners streef na en kan die Amerikaanse droom bereik. In kontras met ander politieke en ekonomiese sisteme, soos 'n kommunistiese diktatorskap, maak die Amerikaanse vryemark-stelsel dit moontlik vir individue om verder as hul basiese noodsaaklikhede self-verwesenliking en persoonlike vervulling te bereik.

(2)

6.3.2 Kandidate bespreek die temas van 'n Amerikaanse Teaterproduksie wat hulle bestudeer het. Gebruik die volgende rubriek om die kandidaat te assesser: **BYLAAG 1**. (10)

6.3.3 Kandidate kies twee karakters uit die teks wat hulle bestudeer het en analyseer hulle volgens die instruksies in die vrae. Kandidate moet kennis van die bestudeerde teks en die karakter se verhoudingsdinamika demonstreer.

Merk holisties. (6)

6.4 Die volgende is 'n definisie van 'Die Metode' (The Method) of 'Method Acting' soos algemeen bekend:

Toe Lee Strasberg 'n definisie gegee het van, wat algemeen bekend staan as 'Method Acting' het hy 'n eenvoudige verklarende sin gebruik:

'Method Acting' is wat alle akteurs nog altyd doen wanneer hulle goed toneel speel.

Dit is 'n organiese proses van kreatiwiteit wat talentvolle akteurs gebruik het, meesal onbewus, om 'n karakter te skep wat gehore as aangrypend beleef het. Dit was die herbeleef van die lewe deur die akteur binne die aanbieding asof dit waar is en nou gebeur. Aristotle het gesê dat die geheim om ander te ontroer is om self ontroerd te wees, en om jouself te ontroer word moontlik gemaak deur visies na vore te bring van ervarings in die lewe wat nie meer daar is nie. Aristotle het die basiese beginsel van 'The Method' daardeur verwoord – die kreatiewe speel van die emotiewe geheue in die akteur se verbeelding as die grondslag vir herervaring op die verhoog.

Hierdie idee was eers genoem die Sisteem (System) deur Konstantin Stanislavsky, en is later, verder ontwikkel deur Lee Strasberg (by die Group Theatre, die Actor's Studio en toe by die Institute). 'The Method' lei akteurs op om hulle verbeelding, sintuie en emosies te gebruik om karakters te skep met unieke en oorspronklike gedrag, wat optredes skep wat gegrond is op oombliklike menslike waarheid.

Bogenoemde riglyne behoort saam met begeleidende notas verskaf te word.

(6)  
[40]

OF

**VRAAG 7: EKSPRESSIONISTIESE TEATER**

- 7.1 Oorweeg die geskiedenis van ekspressionisme soos bespreek in die klas om die kandidaat te assesser. Die volgende is 'n kort weergawe van hoe Ekspressionisme in die teater ontwikkel het:

Ekspressionisme het in Duitsland in die vroeë 1900's begin. Ekspressionisme was geïnspireer deur letterkundige werke en visuele kuns soos Edvard Munch se skildery, "*Die Skreeu*". Oorspronklik is daar gerebelleer teen Realisme en Naturalisme in die teater. Ekspressionisme se impak was intens. Later het dit praktisyns soos Bertoldt Brecht en Erwin Piscator beïnvloed.

Ekspressionisme het die weg gebaan vir ander meer militante-styl optredes in Duitsland soos Epiese Teater. Hierdie vorm het later na Europa en Amerika oorgespoel en spoedig gehore oor die hele wêreld beïnvloed. Dramaturge soos Sean Casey en Eugene O'Neill het hul in die nuwe vorm begewe, en hul eie vorm van ekspressionistiese toneelstukke geskep.

- ✓ Die term 'ekspressionisme' is eers gebruik in die visuele kunste en later aangewend ten opsigte van teater
- ✓ Ekspressionisme is gebruik as 'n oorbruggingsterm vir enigiets in die kunste wat wegbeweeg het van realisme
- ✓ Dit is partykeer gebruik as 'n sinoniem vir surrealisme (as gevolg van die droomagtige elemente van baie ekspressionistiese toneelstukke)
- ✓ Het begin in Duitsland in ongeveer 1912
- ✓ Kortstondige maar belangrike teaterbeweging
- ✓ Uitgesterf teen ongeveer 1921
- ✓ Rebelle teen realisme en naturalisme in die teater
- ✓ Die ekspressioniste het geglo realisme en naturalisme fokus alleenlik op detail, terwyl ekspressionisme op die innerlike eienskappe van die protagonis fokus (asook op menswees)
- ✓ 'n Teater van sosiale en politiese protes (oorlog, familie, industrialisasie, massa-produksie)
- ✓ Voorlopers van die Duitse ekspressionisme het dramaturge ingesluit wie se werk ekspressionistiese elemente bevat het lank voordat die denkrigting in Duitsland in die vroeë 1900's begin het: Georg Buchner (*Woyzeck*, 1879, onvoltooid sedert 1837), Frank Wedekind (*Spring Awakening*, 1891, eerste optrede 1906) en August Strindberg (*A Dream Play*, 1901 eerste optrede 1907).

- ✓ Elemente van ekspressionisme het die vroeë jare van Epiëse Teater (stelontwerp) beïnvloed, hoewel Brecht grotendeels hierdie styl verwerp het (veral die emosionele aantrekking daarvan) en het meer gekonsentreer op sy eie vorm van meer militante teater.
- ✓ Ekspressionisme gee tipies 'n nagmerrie-agtige blik op die menslike situasie.

Ken punte toe vir enige relevante inligting volgens die klaswerk. (6)

- 7.2
- ✓ Hy het psigoanalise gevestig en dit vorm die vertrekpunt waaruit Ekspressionisme inspirasie gekry het
  - ✓ Sy werk was hoofsaaklik om die onderbewussyn en drome te ondersoek
  - ✓ Hy het geglo dat die onderbewussyn alle ervarings stoor veral traumatiese ervarings
  - ✓ Hy het geglo dat die onderbewussyn 'n sterk impak het op ons optrede, maar omdat hierdie denke nie in die bewuste is nie, kan hulle nie maklik beheer word nie.
  - ✓ Sy insig van verdedigingsmeganismes in menslike optrede was uiters gesaghebbend
  - ✓ Hy het godsdiens gesien as 'n illusie en die psigologiese erkenning van karakter meer waardevol as die eksterne omgewing.

Gee TWEE punte vir kennis oor Sigmund Freud en TWEE punte per gedetailleerde beskrywing van sy invloed op Ekspressionisme. (2 x 2 + 2) (6)

- 7.3 7.3.1 Oorweeg die basiese definisie van die term 'subjektiwiteit' as die algemene definisie van waarop die kandidaat hul antwoord baseer.

Subjektiwiteit, in teenstelling, beteken dat dit gebaseer is op 'n individuele opinie of ervaring. Iets wat subjektief is word persoonlik geïnterpreteer en is afhangend van persoonlike gevoelens.

(2)

- 7.3.2 Oorweeg die volgende voorstelle as die grondslag waarop die kandidaat sy antwoord gee. Gebruik die rubriek om te help met assessering: **BYLAAG 2.**

Die temas is meestal beïnvloed deur die sogenaamde afwesigheid van die mensdom en politiese en/of sosiale omstandighede. Oorweeg die temas in die studieteks.

Struktuur:

- ✓ Episodes (saamgebind deur 'n sentrale idee of argument)
- ✓ Selfstandig tonele vaagweg verbind.
- ✓ Onsamehangend
- ✓ Kort, onbeweeglike tonele, nie aansluitend as gevolg van handeling nie (soos in realistiese en naturalistiese toneelstukke)
- ✓ Gebruik van tableau
- ✓ Teenoorgestelde van die goed-gekonstrueerde toneelteks ('well-made play')
- ✓ Beweeg weg van realisme

Dialogoog:

- ✓ Verkort
- ✓ Kort-af
- ✓ Fragmentaries
- ✓ Telegrafiese spraakpatrone teenoor lang monoloë
- ✓ Vinnige, uitasem spraak
- ✓ Poëties en liries
- ✓ Meng van prosa en verskuns
- ✓ Spraak wat uit 'n groepie woorde of frases bestaan
- ✓ Dialogoog nie in ooreenstemming met die akteur se bewegings en gebare
- ✓ Ongewone lang pouses en stiltes in die dialogoog
- ✓ Opvallende gebrek aan interpersoonlike kommunikasie tussen die karakters

(12)

7.3.3 Die volgende is feite oor ekspressionistiese toneelspel. Kandidate moet na hierdie basiese beginsels in hul antwoorde verwys:

Toneelspel-styl:

- ✓ Verskyning van oordrewe spel
- ✓ 'Ekstatiese' styl van toneelspel
- ✓ Intens
- ✓ Gewelddadig
- ✓ Uitdrukking van emosies wat lyding voorstel
- ✓ Mengsel van die voorstellende en uitbeeldende

Gee volpunte as die kandidaat die bogenoemde goed beskryf met verwysing na die vraag.

(6)

7.4 Kandidaat maak 'n keuse. Neem die konvensies van al twee style in ag en kyk of die kandidaat kennis en begrip daarvan het.

Gebruik die volgende rubriek om die kandidaat se antwoorde te assesseer.

**BYLAAG 3.**

(8)

**[40]****TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE KONSEPTE, INHOUD EN VAARDIGHEDE

### VRAAG 8: TEATERGESKIEDENIS

- 8.1 8.1.1 Kandidaat moet TWEE punte kry per naam en van van die praktisyn en slegs EEN punt as hul slegs die naam of van noem.

Jerzy Grotowski vir **BRON 1**

Konstantin Stanislavski vir **BRON 2**

(4)

- 8.1.2 Oorweeg die volgende en gee die kandidaat TWEE punte vir elke verskil wat hul identifiseer.

BRON 1	BRON 2
Akteurs het eenderse kostuums aan	Akteurs het individuele kostuums aan
Kostuums weerspieël nie die karakter se persoonlikheid, ouderdom, sosiale klas ens. nie.	Kostuums weerspieël die karakter se persoonlikheid, ouderdom, sosiale klas ens.
Die akteurs gebruik hul lywe om idees en omgewing te kommunikeer.	Akteurs is naturalisties en verteenwoordig herkenbare tipes mense in die alledaagse samelewing.
Fisieke teaterstyl – toneelspel	Realistiese toneelspel
Geplaas op 'n leë verhoog	Die gebruik van 'n boks-stel ('box set')
Beligting beeld nie tyd of plek uit nie.	Beligting beeld die tyd van die dag en die ideale hoeveelheid lig daarvoor benodig
Geen gebruik van rekwisiete	Duidelike gebruik van rekwisiete
Afwesigheid van dekor	Dekor word gebruik

(10)

- 8.2 Hierdie vraag toets die kennis oor Jerzy Grotowski se Gestroopte Teater tegnieke. Die volgende basiese standpunte moet dus in die kandidaat se antwoorde gedemonstreer word:

Grotowski het geglo dat die perfekte akteur sy liggaam 'opoffer' vir sy toneelspel, 'Vandaar die term heilige akteur'. Slegs die heilige akteur is in staat om die 'Total Act' te bereik, of 'n uitbeelding wat nie wegdraai van die ware doel van teater nie.

(6)

[20]



Beantwoord SLEGS EEN vraag van die volgende.

### VRAAG 9: STEM EN FISIEKE WERK

- 9.1 9.1.1 Subteks word in moderne toneeltekste aangetref wat realistiese dialoog gebruik. Die idee van subteks is gebaseer op moderne sielkunde wat dikwels soek na 'n dieper betekenis in die dinge wat ons sê. Byvoorbeeld, indien iemand verlangend sê: "Wat 'n pragtige sonsondergang!" kan die subteks daarvan wees: "Ek wens my lewe was gevul hiermee" of "Ek wil hê hierdie oomblik moet altyd aanhou".

Subteks is 'n belangrike element wat dramaturge dikwels gebruik omdat dit die drama op verskeie vlakke verryk, die karakters meer kompleks maak, meer onverwagte kinkels in die plot voortbring, en die dialoog interessanter maak.

Oorweeg die kandidaat se begrip van hierdie konsep en evalueer of dit toepaslik is vir hierdie tipe vraag. (4)

- 9.1.2 Kandidate moet demonstree dat hul verstaan hoe om die stem vir teatrale effek tydens 'n optrede te gebruik:

Die stem kan vir die volgende aangewend word:

- ✓ Om die karakter se algemene stemming weer te gee
- ✓ Om gesondheid van die karakter te ondersoek
- ✓ Om ouderdom en status van die karakter uit te druk
- ✓ Psigologiese en emosionele toestand van die karakter

Die akteur kan bogenoemde bereik deur gebruik te maak van stemming, tempo, toonhoogte, die lengte van pouses ens. (6)

- 9.2 9.2.1 Kandidaat se eie reaksie. Hou egter die basiese elemente van fisiese karakterisering tydens optrede in gedagte.

Oorweeg die volgende:

Fisiese uitdrukking in drama beteken wat jy sê sonder om woorde of spraak te gebruik. Ons kan baie oor persone te wete kom uit die manier waarop hulle staan, beweeg en gebare gebruik, en deur hul gesigsuitrukkings en fisiese karaktertrekke te bestudeer.

Selfs wanneer 'n dramaturg se karakters gedetailleerd en duidelik uitgebeeld word, is daar baie meer om te kommunikeer in 'n rol as wat net in die teks uitgebeeld word. Dieselfde geld vir die skep en ontwikkeling van jou eie karakters.

Oorweeg hierdie basiese elemente in die kandidaat se antwoorde. (5)

- 9.2.2 Kandidaat se antwoord met betrekking tot hul praktiese opvoering. Bly by die basiese beginsels van lyftaal en wat nieverbale kommunikasie in Dramatiese Kunste insluit.

(5)  
[20]

OF

**VRAAG 10: LEWENDIGE OPTREDE**

- 10.1 Kandidaat moet die vaardighede bespreek wat 'n akteur benodig om suksesvol deel te wees in 'n musikale-styl van optrede. Kandidaat moet bespreek wat nodig is van spraak tot fisiese vaardighede en getrou bly aan die basiese beginsels van drama.

Merk holisties of gee TWEE punte vir elke goed ondersteunde feitelike stelling wat die kandidaat gee en EEN punt waar 'n kandidaat iets slegs kortliks skryf.

Gebruik die volgende rubriek om die kandidaat te assesser:

**BYLAAG 3**

(8)

- 10.2 Kandidaat moet in hierdie vraag demonstreer dat hy/sy kennis het van die voorbereiding in drama. Vanaf teks-analise tot stem en fisiese voorbereiding: ook met verwysing na psigologiese, sosio-politieke konteks soos deur die karakter vereis.

Gee TWEE punte vir 'n deeglik bespreekte voorbereidingsmetode veral as dit deur redes gestaaf word.

(6)

- 10.3 Kandidaat moet kennis toon van die verskil tussen lewendige en opgeneemde optrede demonstreer en 'n keuse daaruit maak. Die keuse moet gestaaf word deur feite ten opsigte van die twee mediums.

Gee punte vir redes en keuse.

(6)  
[20]

OF

**VRAAG 11: DIE ROL VAN DIE REGISSEUR**

- 11.1 Gee eerstens punte aan die kandidaat vir haar/sy begrip van die konsep 'rolverdeling' ('casting') in drama en tweedens as hy/sy in staat is om hierdie kennis te kan toepas met die regie van 'n suksesvolle produksie volgens die karakters wat nodig is vir 'n produksie. Die kandidaat moet die rol van die regisseur en die rolverdelingsagent verstaan met die ontwikkeling van 'n produksie.

Gebruik die volgende rubriek om die kandidaat se antwoord te assesseer: **BYLAAG 1**

(10)

- 11.2 Kandidaat moet kennis van die verskil tussen lewendige en opgeneemde optrede demonstreer en moet 'n keuse daaruit maak. Die keuse moet vergesel wees van feite met betrekking tot die twee mediums as redes vir die keuse.

Bepunt volgens feite en redes vir die keuse.

(5)

- 11.3 Die volgende is wel bekende vaardighede wat suksesvolle regisseur benodig

Eienskappe wat jy behoort te hê:

Intellektueel: lees, analiseer en interpreteer, en doen agtergrondsondoring waar nodig

Kreatief: sien potensiaal in mense en die stuk, visualiseer die stel, en visualiseer 'n stuk teater op die verhoog

Georganiseerd: bestuur tyd, mense en hulpbronne

Tegnies: verstaan die potensiaal van tegniese elemente

'n mens-mens: meelewend, inspirerend, entoesiasies, 'n goeie luisteraar en 'n goeie spanbouer

'n Akteur-opleier: herken goeie toneelspel en weet hoe om resultate te kry

Artistiek: moet 'n sin hê vir ruimte, ontwerp, kleur, lig en kennis van hoe om die beste visuele effekte vir 'n drama te verkry.

Gee EEN punt per vaardigheid wat deur die kandidaat bespreek is.

(5)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 12: DIE ROL VAN DIE ONTWERPER**

- 12.1 Kandidaat kan verwys na 'n ontwerper van wie hul hierdie jaar geleer het in Dramatiese Kunste. Sekere van die ontwerpers na wie hulle kan verwys is Sarah Roberts, Keith Anderson, Nadia Cohen, Lindy Roberts, Stan Knight, Patrick Curtis, Gerhard Marx Marthinus Basson ens.

Gee TWEE punte vir die naam en VIER punte vir TWEE deeglik beskrywende bydraes tot ontwerp volgens die kandidaat se antwoord. (6)

- 12.2.1 Gee volpunte vir DRIE gedetailleerde stellings wat deur die kandidaat in hul antwoord gegee word.

Ter voorbeeld:

- ✓ Ontwerp is gewoonlik die oorhoofse visuele prentjie van die produksie en die ontwerper en regisseur moet dieselfde visie deel. Dit kan hulle bereik deur voortdurende konsultasie.
- ✓ Die ontwerper moet verstaan wat die atmosfeer van die drama is soos deur die regisseur verlang en moet dan volgens die regisseur se visie ontwerp.
- ✓ Die ontwerper moet verstaan wat die regisseur verlang wat betref die tyd/periode/era en daarvolgens ontwerp.
- ✓ Die verhouding tussen die regisseur en die ontwerper bepaal die oorhoofse voorkoms van die produksie, hul moet saam kan werk aan konsepte oor die stel en plasing, is die produksie binne of buite, die hoeveelheid toneelveranderinge (as daar is), wat is die atmosfeer van die produksie, uit wie se perspektief word die verhaal vertel, spesifieke dekor en rekwisiete en die temas van die produksie.
- ✓ Daar moet 'n artistieke verhouding wees om te verseker dat samewerking tussen ontwerper en regisseur geslaagd is.

Hierdie mag dalk nie die presiese teks deur die kandidaat wees nie. Merk volgens die oordeel. Gee TWEE punte vir elke deeglik verduidelikende punt. (6)

- 12.2.2 Kandidate bespreek hul groeptema-program se ontwerp. Assesseer of die kandidaat konsepte van tyd, plek, gemoedstoestand of atmosfeer noem, spesifieke rekwisiete en dekor, temas ens. in hul antwoord na verwys. Bepunt holisties en gee punte vir die begrip van konsepte en die toepassing daarvan.

Gebruik die volgende rubriek om die kandidaat te assesseer.

**BYLAAG 3.**

(8)  
[40]

**TOTAAL AFDELING D: 40**  
**GROOTTOTAAL: 150**

## BYLAAG 1

KATEGORIE	PUNTE	AANWYSERS (BEWYSE)
Uitsonderlike bereiking	9–10	<ul style="list-style-type: none"> <li>Goed georganiseer omvattend en samehangend, uitsonderlike struktuur</li> <li>Vertoon 'n uitsonderlike hoë vlak van vaardigheid met die prosessering van inligting, met oorspronklike interpretasie en deurdagte seleksie van feite</li> <li>Kandidaat gebruik 'n seleksie van relevante dramatiese verwysings</li> <li>Insiggewend, vlot, kundig t.o.v. waarneming en kennis.</li> </ul>
Verdiensielik	8	<ul style="list-style-type: none"> <li>Goed georganiseer, met volle besonderhede en samehangend, afgeronde struktuur</li> <li>Vertoon 'n hoë vlak van vaardigheid en sorgvuldige prosessering van inligting, met die doel om inligting oor te dra</li> <li>Kandidaat gebruik 'n seleksie van relevante dramatiese verwysings</li> <li>Vertoon insig met die waarneming, en kennis is goed uitgedruk</li> </ul>
Substantiewe bereiking	6–7	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ge-organiseer, met besonderhede, 'n vlak van vaardigheid met hier en daar 'n tekortkoming waarneembaar in die struktuur</li> <li>Interessante leesstuk, duidelike stellings, oortuigend, en eenvoudige oortuigende direkte taalgebruik</li> <li>Gebruik direkte gepaste dramatiese verwysings</li> <li>Lewer bewys van insig, maar is onvoldoende. Enkele logiese stellings</li> </ul>
Aanvaarbare bereiking	5	<ul style="list-style-type: none"> <li>Struktuur is nie altyd logies nie</li> <li>Lewer bewys van basiese begrip maar is geneig om soms stereotipies en meganies te wees</li> <li>Voldoende seleksie van dramatiese verwysings</li> <li>Voldoende leesstuk maar kom voor asof dit gememoriseer is. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie en kort verbeelding.</li> </ul>
Middelmatige bereiking	4	<ul style="list-style-type: none"> <li>Nie altyd georganiseer of logies gekonstrueer nie</li> <li>Beperkte seleksie van inligting, swak taalvaardigheid mag 'n bydraende faktor wees</li> <li>Kandidaat beskik nie oor die vaardigheid om sy/haar antwoord met gepaste voorbeelde te ondersteun nie</li> </ul>
Elementêre bereiking	3	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onsamehangend, geen struktuur, beperkte woordeskat en geen pogings aangewend om die werk in 'n aanvaarbare formaat aan te bied.</li> <li>Beperkte inligting, deurmekaar, nie maklik om te volg nie, en telkens onvanpas.</li> <li>Kandidaat beskik nie oor die vaardigheid om sy/haar antwoord te ondersteun met gepaste voorbeelde nie.</li> </ul>
Nie bereik nie	0–2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onsamehangend, baie min werk, beperkte vaardigheid, het ondersteuning nodig</li> <li>Onvanpas</li> <li>Eenvoudige frases en woorde wat die kandidaat geleer het sonder begrip.</li> </ul>

## BYLAAG 2

KATEGORIE	PUNTE	AANWYSERS (BEWYSE)
Uitsonderlike bereiking	9–10	<ul style="list-style-type: none"> <li>Goed georganiseer omvattend en samehangend, uitsonderlike struktuur</li> <li>Vertoon 'n uitsonderlike hoë vlak van vaardigheid met die prosessering van inligting, met oorspronklike interpretasie en deurdagte seleksie van feite</li> <li>Kandidaat gebruik 'n seleksie van relevante dramatiese verwysings</li> <li>Insiggewend, vlot, kundig t.o.v. waarneming en kennis.</li> </ul>
Verdienstelik	8	<ul style="list-style-type: none"> <li>Goed georganiseer, met volle besonderhede en samehangend, afgeronde struktuur</li> <li>Vertoon 'n hoë vlak van vaardigheid en sorgvuldige prosessering van inligting, met die doel om inligting oor te dra</li> <li>Kandidaat gebruik 'n seleksie van relevante dramatiese verwysings</li> <li>Vertoon insig met die waarneming, en kennis is goed uitgedruk</li> </ul>
Substantiewe bereiking	6–7	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ge-organiseer, met besonderhede, 'n vlak van vaardigheid met hier en daar 'n tekortkoming waarneembaar in die struktuur</li> <li>Interessante leesstuk, duidelike stellings, oortuigend, en eenvoudige oortuigende direkte taalgebruik</li> <li>Gebruik direkte gepaste dramatiese verwysings</li> <li>Lewer bewys van insig, maar is onvoldoende. Enkele logiese stellings</li> </ul>
Aanvaarbare bereiking	5	<ul style="list-style-type: none"> <li>Struktuur is nie altyd logies nie</li> <li>Lewer bewys van basiese begrip maar is geneig om soms stereotipies en meganies te wees</li> <li>Voldoende seleksie van dramatiese verwysings</li> <li>Voldoende leesstuk maar kom voor asof dit gememoriseer is. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie en kort verbeelding.</li> </ul>
Middelmatige bereiking	4	<ul style="list-style-type: none"> <li>Nie altyd georganiseer of logies gekonstrueer nie</li> <li>Beperkte seleksie van inligting, swak taalvaardigheid mag 'n bydraende faktor wees</li> <li>Kandidaat beskik nie oor die vaardigheid om sy/haar antwoord met gepaste voorbeelde te ondersteun nie</li> </ul>
Elementêre bereiking	3	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onsamehangend, geen struktuur, beperkte woordeskat en geen pogings aangewend om die werk in 'n aanvaarbare formaat aan te bied.</li> <li>Beperkte inligting, deurmekaar, nie maklik om te volg nie, en telkens onvanpas.</li> <li>Kandidaat beskik nie oor die vaardigheid om sy/haar antwoord te ondersteun met gepaste voorbeelde nie.</li> </ul>
Nie bereik nie	0–2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onsamehangend, baie min werk, beperkte vaardigheid, het ondersteuning nodig</li> <li>Onvanpas</li> <li>Eenvoudige frases en woorde wat die kandidaat geleer het sonder begrip.</li> </ul>

**BYLAAG 3**

<b>VLAK</b>	<b>PUNTE</b>	<b>BESKRYWER</b>
Baie goed	7–8	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die kandidaat het uitstekende insig in die toneelstuk en die resensie.</li> <li>• Hy/sy is in staat om sy antwoord te staaf deur die sosio-ekonomiese omgewing van die drama en die karakters se motivering in verband te bring deur gepaste voorbeelde uit die drama om dit met vandag se samelewing te verbind.</li> <li>• Hierdie kandidaat is eerder geneig om met die resensie saam te stem.</li> </ul>
Goed	5–6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die kandidaat het 'n goeie begrip van die toneelstuk en die resensie.</li> <li>• Hy/sy is in staat om sy antwoord met relevante voorbeelde uit die drama te staaf en die karakters se motiverings met vandag te verbind.</li> <li>• Die kandidaat mag saamstem of nie met die geldigheid van die resensie, steeds geldig en of dit deesdae het die vermoë om sy/haar antwoord te staaf.</li> </ul>
Gemiddeld	3–4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die kandidaat verstaan die toneelstuk.</li> <li>• Geneig om korrekte stellings te maak maar word nie ondersteun deur verwysing na die teks nie.</li> </ul>
Swak	0–2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die kandidaat het 'n swak begrip van die drama.</li> <li>• Geneig om breë stellings te maak, baie daarvan het geen betrekking op die resensie nie.</li> </ul>